Rom 12:1-8 Die Nuwe Lewe In Christus

Melodie: Middelpunt van ons verlange, Liedboek 393. Woorde: Bart van Milligen

God is groot en vol ontferming - daarom word ons opgeroep
tot 'n nuwe lewe_in Christus en die weg wat ons moet loop:
Gee julself as heil'ge offers wat vir God aanneemlik is;
word ook nie gelyk aan sonde, wat van hierdie wêreld is.

Laat ons God jul denke nuutmaak, dan kan julle onderskei
wat God wil en vir hom goed is en aanneemlik is daarby.
Moenie méér dink van jouself nie as wat jy behoort te dink.
Wees beskeie ooreenkomstig die geloof aan jou geskenk.

Ons één liggaam het veel lede, elk se funksie uitgeklaar.
Net so is ons één in Christus en ook lede van mekaar.
Uit genade kry ons gawes, wat ook van mekaar verskil,
Volgens dit wat God ons toedeel, kragtens sy genade_en wil.

Het ons uit Gods hand die gawe van die profesie gekry,
laat ons dit dan aanwend volgens die geloof wat ons bely.
Laat ons ander dien met ywer as ons diens as gawe kry.
As die gawe onderrig is, laat ons ander leer en lei.

As ons ander kan bemoedig, laat ons dit doen met gevoel.
As ons gee, moet ons dit so doen, dat ons niks daar by bedoel.
As ons leiding gee, dan moet ons toegewyd die ander lei.
As ons, wie in nood is, uithelp: Wees barmhartig en wees bly!